

Hervorming van basiese onderwys in Suid-Afrika

Paul Hoffman, SC

Die Suid-Afrikaanse openbare skoolstelsel lewer tans funksionele geletterde swart matrikulante teen 'n tempo van 1 in 29 uit diegene wat die onderwysstelsel betree. (Funksionele geletterdheid verwys na lees- en skryfvaardighede wat benodig word vir daaglikse gebruik in die werkplek en om te lewe, d.w.s. gelykstaande aan agt jaar se suksesvolle skoling in die moedertaal of taal van keuse). Dit is sleg, want, soos Thomas Jefferson dit gestel het: *“A nation that hopes to be ignorant and free... hopes for something that never was and never will be.”*

Een van die meer hoopvolle tekens wat uit die as van die vreugdevure van Polokwane verskyn het, is dat die nuwe leierskap van die ANC lyk asof hy die stand van basiese onderwys in die land as 'n probleem wat dringend aandag nodig het, geïdentifiseer het.

In enige bespreking van die huidige stand van die onderwys, moet dit erken word dat die taak wat aan die nuwe Suid-Afrikaanse regering oorgedra is na die bevryding van 1994, 'n reuse-taak was. Elke tuisland het 'n onderwysstelsel van sy eie gehad en in Suid-Afrika was daar 'n onderwysstelsel vir elke rassegroep. Nou is daar geen tuislande meer nie en ons lewe in 'n nie-rassige, nie-seksistiese veelparty demokrasie. Hierdie welkome verandering het 'n grootskaalse herorganisasie van die bestuur van die onderwysstelsel geverg deurdat ongelyksoortige fragmente van wisselende gehalte saamgesmelt moes word. Dit is geen geringe taak nie.

Daar moet ook erken word dat nog reuse-take verwag word ten einde basiese onderwys te transformeer in 'n funksionele stelsel wat die gehalte van onderwys kan lewer wat die jeug en die voorheen ongeletterde segmente van die gemeenskap, kan bemagtig. Dit is nodig om van hulle gelukkige en bruikbare burgers te maak wat deeglik toegerus is om die tipe toekoms vir die nasie te bou wat in die Grondwet veronderstel word. Deur apartheid kwalik te neem vir die siekte van die onderwysstelsel, is 'n verskoning wat al hoe meer vervaag soos wat die tyd aanstap. Die kinders wat nou die onderwysstelsel betree, is “vrygeborenes”. Hulle is op meer as afskeep-onderwys geregtig.

Die Handves van Regte waarborg die reg op basiese onderwys aan almal. Hierdie reg is nie geklassifiseer as 'n sosio-ekonomiese reg onderhewig aan “progressiewe realisering” oor tyd nie. Dit is 'n reg wat sedert 1994 aan almal verskuldig, en deur almal, kinders sowel as volwassenes, opeisbaar is. Die staat, moet volgens wet, die reg op basiese onderwys respekteer, beskerm, bevorder en uitvoer, tesame met al die ander regte en vryhede wat in die Grondwet verskans is. As hy dit nie doen nie, tree hy onwettig op en kan hy voor die hof gedaag word vir die doel van die verkryging van gepaste regshulp. Hierdie vorm van hulp kan 'n verklaring van regte en 'n opdrag aan die onderwysowerhede wees om die nodige stappe te neem om dinge wat in die stelsel skeefloop, reg te stel. 'n Oorsigtelike bevel is ook opeisbaar waarvolgens die onderwysowerhede op bepaalde tye aan die hof verslag moet doen oor vordering wat gemaak word met die realisering van die reg op basiese onderwys. Op hierdie manier kan 'n grondwetlike klagtestelsel oor die onderwys in plek gestel word, tot algehele voordeel van die gemeenskap en vir diegene wat dié leer wat onderwys gee.

Deur die analise van die oorlog teen armoede, onkunde en siekte, is dit deur die onderwys wat hierdie drie plae op die mees volhoubare wyse doeltreffend oorwin sal kan word. Dit is ook duidelik dat 'n kind wat honger en siek skool toe kom, nie soveel sal baat by klasse soos 'n gesonde, gedissiplineerde en goed gevoede kind nie. Kinders wat weens VIGS en ander oorsake wees gelaat is, het verantwoordelikhede in familie-verband wat hul vermoë om die volle voordele van enige onderwysstelsel te benut, kortwiek. Dit is werklike probleme in die gemeenskap waar 47% van die bevolking in relatiewe armoede leef en 8% op minder as 'n dollar per dag. Dit is ook skandalig dat die hoeveelheid "armstes van die armes" tussen 1996 en 2005 verdubbel het. Die onlangse uitbreiding van die sambreel van sosiale toelaes, wat nou meer as 12 miljoen mense dek, spreek wel die ergste armoede aan, maar dit is nie volhoubaar om soveel mense onbepaald in 'n ontwikkelende land op die welsyn van die staat te laat staatmaak nie. Bevordering van die bereiking van gelykheid, 'n grondwetlike doel van die nuwe Suid-Afrika, kan duidelik nie plaasvind as die gaping tussen dié wat het en dié wat nie het nie, teen hierdie pas groei nie. Die mees volhoubare manier waarop hierdie gaping verklein kan word, is om voorsiening te maak vir gehalte onderwys wat leerders voorberei om ekonomies-aktiewe lede van die samelewing te word. Tans bevind diegene wat die skool verlaat hulle in 'n groeiende onderklas van werkloosheid en misdadigheid

Die mees skrikwekkende statistiek (bron Hough & Horne) wat uit die stelsels soos wat dit die afgelope 12 jaar gefunksioneer het, na vore kom, verwys na die tempo van funksionele geletterdheid van swart matrikulante wat aan die bestaande onderwysstelsel deelgeneem het. Van die ongeveer 1 560 000 sesjariges wat graad 1 van ons openbare skoolstelsel 12 jaar gelede betree het, het slegs twee derdes graad 10, en 'n derde matriek, aan die einde van verlede jaar gehaal. Van hulle het ongeveer 360 000 geslaag. Toe hulle vir funksionele geletterdheid in Engels getoets is (hul voorkeurtaal van onderrig), is daar gevind dat slegs 15% van die 278 000 swart matrikulante funksioneel geletterd is. Die totale getal is dus 42 000 swart skoolverlaters wat die potensiaal het om 'n geskoolde werk te kan verrig. Anders gestel, elke provinsie het oor die algemeen slegs 4 600 funksioneel-geletterde swart matrikulante in 2007 opgelewer.

Die situasie wat deur hierdie syfers weerspieël word, is 'n nasionale skande. As dit ontrafel en verteerbaar gemaak word, beteken dit dat slegs 1 uit 29 (dus 3,5%) van swart kinders wat die skoolstelsel betree, met matrieksertifikate daar uit kom in 'n staat wat hulle in staat stel om die terrein van opleibaarheid, vaardigheidsverwerwing en hoër onderwys, te betree – dit in 'n ekonomie waarin daar 'n groot tekort aan vaardighede is. Ongeskoolde arbeiders word weens globalisering, meganisering en 'n arbeidsopset wat hul aanstelling ontmoedig, nie meer in groot getalle benodig nie. Ons skole se uitvalsyfer is 77% oor die twaalf jaar van skolastiese opleiding. Volgens UNESCO-syfers is die internasionale norm 21%.

Dit is reuse-probleme en daar is geen maklike oplossing nie. Die mees ingeligte en progressiewe provinsiale onderwysdepartemente is bewus van die swak opbrengs wat die belastingbetaler op sy belegging in die jaarlikse onderwysbegroting ontvang. Pogings om slimmer op te tree word aangewend. Leierskapsopleiding van personeel in skole en in die bestuur van onderwys, is 'n doeltreffende manier om positiewe energie vry te stel. Organisatoriese tekortkominge, disfunksionele skole en die

probleme van onderwysers wat nie onderrig nie, of selfs nie weet hoe om te onderrig nie, moet aangespreek word. Die fenomeen van geweld en swak dissipline in skole is voor die handliggende bedreigings vir verbetering.

Die gebrek om op moedertaalonderrig in die vormingsjare aan te dring, is 'n verdere faktor wat volgens kundiges aanleiding gee tot swak prestasies. Ouers wat wil hê hul kinders moet in Engels onderrig word, moet verantwoordelikheid aanvaar daarvoor om hulle dan vanaf geboorte in Engels te leer praat en dink. As dit nie gebeur nie, moet die vroeë onderrig van die kind ter wille van die kind se beste belang, in sy moedertaal gedoen word. 'n Radikale hersiening van die manier waarop onderwys toegepas, geadministreer en gelewer word, word benodig as die situasie reggestel wil word. Die nasie loop die gevaar om agteruit te gaan as niks gedoen word nie.

Paul Hoffman SC
Direkteur Sentrum vir Grondwetlike Regte
Kaapstad
8 April 2008.